PROTOKOL VIR DIE HEROPENING VAN SENTRALE VOLKSKOOL EN OPSAAL KOSHUIS

DIE SKOOL SE HEROPENING:

Sentrale Volkskool heropen vir graad 7-leerders op 8 Junie 2020 om 08h00.

- Leerders sal elke dag geskandeer word en moet by die aangewese area aanmeld voor skool. Indien daar versuim word sal leerder huis toe gestuur word.
- Elke leerder sal van 'n Covid-19 nommer voorsien word wat te alle tye onthou moet word. Onthou toelaatbare sosiale afstand moet gehandhaaf word.
- Gedurende die infaseringsperiode, terwyl net graad 7-leerders skool bywoon, sal hulle SLEGS by die Kindertuinhek ingelaat word.
- Ouers wat leerlinge by die skool aflaai, moet kennis neem dat geen ongemagtigde voertuie op die skoolgronde toegelaat sal word nie.
- Taxi's sal leerders by die skool besorg per aangepaste roetes.
- Leerders se hande moet ontsmet word voordat taxi's betree word.
- Leerders moet maskers in die taxi dra. Leerders moet apart sit.
- Klasse sal opgedeel word in kleiner groepe leerders in elke klas. Leerlinge sal op die eerste dag 'n rooster ontvang.
- Basiese kos sal elke dag te koop wees by die snoepie.
- Geen leerder sal toegelaat word om enigiets by die skool te verkoop nie.
- Geen leerder mag die skoolterrrein gedurende die skooldag verlaat sonder toestemming nie.
- Enige leerder wat nie die sosiale afstand handhaaf nie, sal huis toe gestuur word.

DIE SKEP VAN 'N VEILIGE SKOOLOMGEWING:

- Die veiligheid van alle leerders en personeel is noodsaaklik en nie-onderhandelbaar.
- Die reg van toegang tot die skoolperseel is voorbehou en gebaseer op die Covid-19 regulasies.
- GEEN leerder of personeellid wat siek is of Covid-19 simptome toon, sal toegelaat word om skool by te woon nie en volgens wet moet enige simptoom verklaar word.
- Geen voertuie (behalwe personeel) sal op die perseel toegelaat word nie. Besoekers sal buite parkeer.
- Klaskamers sal daagliks skoongemaak en ontsmet word.
- Ontsmettings pakkette sal daagliks aan leerders beskikbaar gestel word.
- Die dra van maskers deur leerder en personeel is verpligtend.
- Almal sal toesien dat hul maskers daagliks gewas word.
- Boeke, skryfbehoeftes en handboeke moet gereeld met ontsmettingsmiddel afgevee word of enige bleikmiddel. Leerders mag nie boeke uitleen nie.
- Handontsmettingsmiddel sal beskikbaar wees vir leerders en onderwysers voordat 'n klas betree word.
- Leerders en personeel se temperatuur sal elke oggend voor skool geneem word met 'n termometer.
- Leerders en personeel wat soggens wakker word met griepsimptome mag NIE skool toe kom nie en die kantoor in KENNIS stel van hul afwesigheid.
- Stel die skool sonder versuim in kennis indien 'n leerder of familie positief toets vir Covid-19.

- Indien ‘n leerder se temperatuur te hoog is (bo 38 grade), sal die leerder na die isolasiekamer geneem word en ouers sal gekontak word om sonder versuim die leerder te kom haal en huis toe te neem.
- Hierdie leerder sal alleenlik weer toegelaat word by die skool na die voorgeskrewe isolasie periode soos voorgeskryf deur DoC protocol en bewys van ‘n negatiewe toets vir Covid-19.
- Personeel met ‘n hoë temperatuur sal ook versoek word om huis toe te gaan en gehoor te gee voorskrifte voordat hulle kan terugkeer skool toe.
- Die skool is nie ‘n Covid-19 toetssentrum nie en daarom kan niemand getoets word nie, slegs leerders en personeel word geskandeer.
- Ongeag hoe koud dit is, sal klaskamers se vensters ten minste 25% oopgemaak moet word. Leerders en personeel sal dus warm moet aantrek.

AKADEMIESE VORDERING:

- Elke leerder se akademiese vordering is uiters belangrik vir beide die skool en personeel.
- Die skool besef dat al die leerders se akademiese standaard nie op dieselfde vlak sal wees na die inperkingsperiode nie. Vir leerders om op te vang is dus baie belangrik. Die onderwysers sal dus die leerplan dek, maar teen ‘n baie vinniger pas. Leerders sal dus ekstra hard moet werk om by te bly.
- Die Mei-Junie eksamens sal nie plaasvind nie.
- Graad 7’s sal hul voorlopige eksamens later in die jaar skryf. Die finale eksamens sal ook later begin.
- Alle leerders se jaarlikse SBA punte sal saamgestel word uit al die gewysigde 2020 assesseringspunte, soos vasgestel deur die DoC.
- Die nuwe datums is soos volg:
  1 Junie tot 24 Julie
  3 Augustus tot 23 September
  28 September tot 15 Desember 2020.

BUITEMUURSE PROGRAM:

- Die skool se buitemuurse program is gekanselleer. Alle nie-akademiese aktiwiteite is dus gekanselleer.
- Geen leerders van ander skole sal toegelaat word om Sentrale Volkskool se perseel te betree sonder die nodige toestemming van die hoof se kantoor.

FINANSIES:

- Die betaal van skoolfonds is steeds verpligtend en noodsaaklik vir die skool om behoorlik te funksioneer en te verseker dan BL personeel behou word, asook om die skoolperseel te onderhou.
- Skoolfonds word gehef vir die res van die jaar tot en met Desember 2020.
- Ouers word aangemoedig om skoolfonds te betaal sodat die skool sy verpligtinge kan nakom. Indien ‘n ouer weens onvoorsiene omstandighede nie meer sy kind/kinders se

skoolfonds kan betaal nie, is die nodige vorms beskikbaar by mev. Elbé Wessels om in te vul. Alle inligting sal streng vertroulik gehou word.

ONDERWYSPERSONEEL:

- Onderwyspersoneel se temperatuur sal soggens met aankoms by die skool getoets word. Personeel sal dan inteken in die register.
- Meld aan by die saal, die area wat bepaal is.
- Verseker dat alle leerders se hande ontsmet is voordat hulle die klas betree. Maak seker leerders gebruik die ontsmettingsmiddel om stoele en tafels af te vee voordat hulle sit. Hou ‘n spuitbottel by der hand indien benodig.
- Gee klas met ‘n Perspex gesigmasker.
- ‘n Materiaal gesigmasker moet oral gedra word.
- Maak seker leerders sit hul Perspex maskers op nadat stoele en tafels afgevee is.
- Indien onderwyspersoneel in die oggend wakker word met ‘n koors/seer keel, kontak ‘n dokter en MOET NIE skool toe kom nie, maar stel die kantoor in KENNIS van simptome. Indien simptome na skandering by die skool waargeneem is, gaan dadelik in selfkwarantyn en kontak die kantoor telefonies en moenie die skoolterrein betree nie. Volg die DoE protokol.
- Indien onderwysers of enige familielid positief toets vir Covid-19, moet die skool onmiddellik in kennis gestel word.
- Onderwyspersoneel moet altyd die korrekte sosiale afstand handhaaf en toesien dat leerders ook sosiale afstand handhaaf.
- Departementele personeel met mede-morbiditeite en onderliggende risiko mediese toestande soos omskryf in die Departementele Omsendbrief MG no. 7 gewysig, sal behandel word volgens die DoE protokol. Hierdie sluit personeel in wat deur die BL geïdentifiseer word as ‘n risiko vir die welstand van die hele skool.
- BL personeel met mede-morbiditeite en onderliggende risiko mediese toestande soos omskryf in die Departementele Omsendbrief MG no. 7 gewysig, sal op Ongeskiktheidsverlof geplaas word en verwys word vir WVF voordele.

LEERLINGE:

- Leerlinge moet te alle tye maskers dra.
- Wanneer leerders soggens in rye staan vir skandering, moet ‘n afstand van 1,5m afstand gehou word.
- Versamel sanitasie pakket en noteer temperatuur.
- Elke leerder moet die skandering voorskrifte gedurende periode 1 voltooi.
- Ontsmet hande voor elke periode met ontsmettingsmiddel wat in die klas beskikbaar is. Voordat leerder sit moet die stoel en tafel afgevee word.
- Maskers moet elke middag gedra word. As ekstra voorsorg moet die maskers gestryk word.
- Verseker dat hande ontsmet word wanneer die toilet verlaat word.
- Moenie penne en skryfbehoeftes by iemand anders leen nie.
- Handhaaf ‘n sosiale afstand van 1,5m tussen mekaar.
- Hoes of nies in ‘n gebuigde elmboog.
- Gooi gebruikte sneesies in ‘n asblik.

- Indien ‘n leerder in die oggend wakker word met ‘n koors/of seer keel, kry mediese advies en moet NIE skool toe kom nie. Stel die skool in KENNIS van respiratoriese simptome.
- Indien ‘n leerder by die skool siek voel, moet hy/sy dit onmiddellik aangemeld en na die isolasiekamer gaan.
- Indien ‘n leerder positief getoets word vir Covid-19 of ‘n familielid was in kontak met die virus, moet die skool onmiddellik in kennis gestel word.
- Alle skryfbehoeftes, boeke en handboeke moet gereeld by huis met bleikmiddel afgevee word.

NIE-ONDERWYS PERSONEEL:

- Voordat personeel ‘n bus of taxi betree, moet hul hande ontsmet word.
- Personeel moet maskers op die vervoer dra. Personeel moet apart van mekaar sit.
- Wanneer die perseel betree word moet ‘n materiaal masker gedra word, asook vir die res van die werkdag.
- Algemene, terrrein en skoonmaakpersoneel moet daagliks registreer by die skandeerpunt sodat temperatuur geneem kan word. Alle koshuispersoneel meld aan vir skandering en die meet van temperatuur by mev. Elize Jordaan.
- ‘n Veilige sosiale afstand moet te alle tye gehandhaaf word. Hande moet voor en na teetye en etenstye ontsmet word. Slegs die toelaatbare hoeveelheid personeel mag die personeelruimte betree.
- Gereedskap, toerusting en gebruiksitems moet daagliks voor en na gebruik ontsmet word.
- Indien ‘n personeellid wakker word met ‘n koors en/of seer keel, moet mediese advies ingewin word en NIE by die skool aanmeld nie. Stel die skool in KENNIS van moontlike resperatoriese simptome.
- Kombuise en badkamers sal skoongemaak moet word volgens instruksies van die toesighouer. Asook alle relevante pligte wat nie normaalweg in die pligtestaat verskyn nie.
- Maskers en uniforms moet elke aand in warm water gewas word.
- Alle personeel sal gereed moet wees om gehoor te gee aan gewysigde tydroosters om in staat te wees om die skool en koshuis te ontsmet.
- Departementele Omsendbrief MG no 7 van 2020 soos gewysig, verwys na Departementele personeel met morbiditeite of onderliggende mediese risiko faktore, sal hanteer word volgens DoE protocol. Dit sluit in alle personeel wat deur die BL as ‘n risiko beskou word vir die welsyn van die skool.
- Personeel wat deur die BL vergoed word met morbiditeite en onderliggende mediese risiko faktore soos beskryf in die Departementele Omsendbrief MG no 7 van 2020 soos gewysig, sal op ongeskiktheidsverlof geplaas word en verwys word na die Werkloosheidsversekerings fonds vir Werkloosheidsvoordele.

KOSHUIS:

KOSHUISLEERDERS:

- Alle koshuisleerders wat terugkeer van hul huise, sal geskandeer word voor die koshuisterrein betree word. Van hulle sal verwag word om volledige vraelyste te voltooi. Indien leerders as ‘n Covid risiko beskou word, sal toegang tot die perseel geweier word en sal huis toe gestuur word. Die leerder sal slegs toegelaat word om terug te keer indien ‘n bewys ingedien word dat die toets negatief is.
- Die terrein moet betree word met ‘n masker. Die masker sal te alle tye op die perseel gedra word.
- Hande moet ontsmet word elke keer wat die koshuis verlaat word en weer met die terugkeer. Asook met gereelde tussen tye.
- Sosiale afstand moet te alle tye gehandhaaf word.
- Moenie in ander kamers kuier nie. Kamers is te klein om sosiale afstand te verseker vir meer persone as wat die kamer akkommodeer.
- Leerders word versoek om voetbeskerming te dra na badkamers.
- In gemeenskaplike areas moet sosiale afstand gehandhaaf word.
- Indien leerders sou hoes of nies, moet dit geskied in ‘n gebuigde elmboog of ‘n tissue. Die tissue moet weggegooi word binne-in ‘n asblik met ‘n deksel.
- Hande moet ontsmet word met ingaan en uitgaan van die badkamer.
- Hande moet gereeld gewas word met water en seep.
- Sosiale afstand moet beoefen word in die eetsaal.
- Leerders moet nie bekers, eetgerei, kos of koeldrank met mekaar deel nie.
- Hande moet ontsmet word met ingaan en uitgaan van die eetsaal.
- Indien leerder soggens met opstaantyd ‘n koors en/of seer keel het, stel mev. Elize Jordaan onmiddellik in KENNIS van die respiratoriese simptome. (Daar sal van leerders verwag word om elke oggend ‘n volledige vraelys te voltooi.) Ouers sal in kennis gestel word om ‘n siek leerder onmiddellik te kom haal. Alle leerders wat met die siek leerder in kontak was, sal geskandeer word.
- Indien ‘n leerder positief toets vir die Corona virus of as familielede in kontak was met die virus, moet die koshuispersoneel onmiddellik in kennis gestel word.

VOORBEREIDING EN BEDIENING VAN KOS:

Voedsel moet deeglik gekook word en goeie higiëne moet gehandhaaf word met die hantering en voorbereiding van voedsel om besmetting te voorkom. Hanteerders van kos moet:

- Was en ontsmet hande met seep en water voor en nadat kos hanteer is.
- Hande moet gewas en ontsmet word voordat kos aan die leerders bedien word.
- Alle werkoppervlaktes moet gereeld skoon gemaak en ontsmet word.
- Alle toestelle in die kombuis moet skoon gehou word.
- Kombuisdrag moet te alle tye gedra word.
- Kopbeskerming en maskers wat die mond en neus bedek moet te alle tye gedra word.
- Dra skoene wat die voete bedek en beskerm.

BESTUUR VAN SKOOLKOSHUISE:

- Koshuise sal beskik oor infra-rooi termometers vir skandering van alle koshuisleerders en personeel.
- Koshuispersoneel en toesighouers sal opgelei word oor Covil-19.
- Ontsmettingsmiddels sal te alle tye in die koshuis beskikbaar wees.
- Leerders en personeel moet sosiale afstande te alle tye handhaaf.
- Skoonmakers moet gereeld alle oppervlaktes ontsmet en skoonmaak: koshuiskamers, deure, mure, badkamers, eetsaal, kombuis en studiesale.
- Die voorbereiding van etes sal onder streng toesig oor gesondheid en higiëne geskied.
- Almal in die koshuis sal 'n masker dra.
- Indien 'n leerder, onderwyser of personeellid ongesond sou voel, sal hulle geïsoleer word en vir mediese advies gestuur word.

BEHEER OOR TOEGANG VAN OUERS EN DERDE PARTYE:

- Toegang tot koshuisgeboue deur besoekers, ouers of ander familie word verbied tensy dit noodsaaklik is.
- Streng toegangskontrole is ingestel en moet gehoorsaam word. Dit sluit in die teken van 'n register deur alle besoekers.
- Alle besoekers moet 'n gesigmasker dra en hul hande ontsmet by die ontvangsarea.
- Alle besoekers sal geskandeer word by die ontvangskantoor.
- Toegelate sosiale afstand moet te alle tye gehandhaaf word.